

29 Julie

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1-40

Fokusgedeelte: DL, 5:12

Sekerheid maak my dankbaar!

As ek seker is dat God my sal bewaar om tot die einde toe te volhard, sal dit my nie hoogmoedig en onverskillig maak nie? Is geloofsekerheid nie iets wat verlamend op 'n mens kan inwerk nie? Sal twyfel 'n mens nie eerder aanspoor om harder te probeer om gered te word nie? Nee, sê ons belydenis: "Dit is totaal onmoontlik dat hierdie sekerheid van die volharding die ware gelowiges hoogmoedige en sorgelose mense sou maak."

Hebreërs 11:1 sê immers: "Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie." Ons lees telkens in Hebreërs 11 wat die gevolg was van hierdie vaste geloof in mense soos Abel en Henog en Abraham en Moses se lewens. Telkens lees ons: Omdat hierdie persoon geglo het, het hy dit of dat gedoen, met ander woorde, omdat hy seker was van sy hoop op God, het hy gedoen wat hy gedoen het.

Omdat hulle geglo het, omdat hulle seker was van hulle hoop, omdat hulle oortuig was van die dinge wat nie gesien kan word nie, het hulle nie hoogmoedig en sorgeloos opgetree nie, maar juis met geloofsmoed en daadkragtigheid. Daarom bely ons ook: Sekerheid van die bewaring "is daarenteen 'n ware wortel waaruit nederigheid, kinderlike vrees, ware godsvrug, geduld in alle stryd, vurige gebede, standvastigheid onder die kruis en in die belydenis van die waarheid en blywende vreugde in God spruit."

Geloofsekerheid maak 'n mens dus nie onverskillig nie, maar maak jou juis dankbaar! Hierdie dankbaarheid vuur jou aan "tot ernstige en aanhoudende beoefening van dankbaarheid en goeie werke ...". Daarom moet ek God elke dag dank vir die sekerheid van die volharding wat Hy aan my skenk en moet ek met 'n dankbare lewe my dankbaarheid daarvoor bewys!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~